**Gods plan with you** **Jeremiah 29:11-13 New International Version**

Read: Jeremiah 29:11-13 New International Version

11 For I know the plans I have for you," declares the Lord, "plans to prosper you and not to harm you,
plans to give you hope and a future. 12 Then you will call on me and come and pray to me, and I will
listen to you. 13 You will seek me and find me when you seek me with all your heart.

**Introduction**

Who knows what a GPS is? How does a GPS work? (Demonstrate if possible.) It is a Global Positioning System. It tells you exactly where you are. It can also show you where to go. You type in the name of the place you want to go, and the GPS will show you exactly the routes you can follow. The system then indicates where you are on the way to your destination. If you make a wrong turn, the GPS will find a new route to your destination.

**God's plan**

The Lord has a plan and a destination for us. The destiny, of course, is to one day be able to go to heaven and inherit eternal life.

We do not always follow the path the Lord wants us to follow, and we turn off at the wrong places. We make bad choices. We sin. The Lord then puts us back on the right path through the working of the Holy Spirit.

Although the Lord has a plan for our lives, we still have the free will to make choices.

These choices we make often plunge us into great misery and trouble. For example, we could choose friends who smoke or use drugs and then tempt us to do the same.

We must remember the Lord's plans for our prosperity and not adversity.

The Lord wants us to have hope for the future.

The Lord wants us to call on him and pray.

The Lord will listen to us and answer our prayers.

If we seek the Lord, He will find us and put us on the right path again.

**How can we carry out God's plan?**

Talk to God daily through prayer.

Read the Bible every day.

We must follow the commandments He has given us in His Word. Jesus summed up the Ten Commandments as follows. You must love the Lord your God with all your heart, soul and mind and your neighbour as yourself.

We need to go to church regularly.

We must confess that Jesus died for our sins so that we can inherit eternal life.

God se plan met jou JEREMIA 29:11-13

Lees: JEREMIA 29:11-13

Ek weet wat Ek vir julle beplan het," sê die Here. "Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê. Julle sal na My roep en bid, en Ek sal na julle luister. As julle heelhartig na My soek, sal julle My vind.

**Inleiding**

Wie weet wat is 'n GPS. Hoe werk 'n GPS? (Gee 'n demonstrasie indien moontlik.) Dit is 'n globale posisioneringstelsel. Dit sê vir jou presies waar jy is. Dit kan ook vir jou wys waarheen om te gaan. Jy tik net die plek se naam in waarheen jy wil gaan en die GPS wys dan vir jou presies die roetes wat jy kan volg. Die stelsel dui dan aan waar jy trek op pad na jou bestemming toe. Indien jy verkeerd afdraai vind die GPS vir jou 'n nuwe roete na die bestemming.

**God se plan**

Die Here het vir ons 'n plan en 'n bestemming vir ons lewens. Die bestemming is natuurlik om eendag hemel toe te kan gaan en die ewige lewe te kan beërwe.

Ons volg nie altyd die pad wat die Here wil hê ons moet volg nie en ons draai op verkeerde plekke af. Ons neem verkeerde keuses. Ons doen sondes. Die Here plaas ons dan weer op die regte pad deur die werking van die Heilige Gees binne in ons.

Alhoewel die Here 'n plan het met ons lewens het ons nog steeds die vrye wil om keuses te maak.

Dit is baie keer hierdie keuses wat ons maak wat ons in groot ellende en probleme dompel. Ons kan byvoorbeeld maats kies wat rook en dwelms gebruik en ons dan verlei om dieselfde te doen.

Ons moet onthou die Here beplan vir ons voorspoed en nie teëspoed nie.

Die Here wil hê dat ons hoop vir die toekoms moet hê.

Die Here wil hê dat ons na hom moet roep en bid.

Die Here sal na ons luister en ons gebede beantwoord.

As ons die Here soek sal Hy ons vind en weer op die regte pad plaas.

**Hoe kan ons God se plan uitvoer?**

Deur daagliks met God te praat deur gebed.

Ons moet elke dag die Bybel lees.

Ons moet die gebooie volg wat Hy vir ons in sy Woord gegee het. Jesus het die tien gebooie as volg opgesom. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand en jou naaste soos jouself.

Ons moet gereeld kerk toe gaan.

Ons moet bely dat Jesus vir ons sondes gesterf het sodat ons die ewige lewe kan beërwe.